“Scheme-kind”: Grant Jefthas

Ek het vi jare soe geskryf
Lat mense kon agterkom
Ek is geleerd

Djy sien, ek was die eerste een
Wat weggegaan het om iets
Te maak van my liewe

Maar nou wat ek dit gemaak het
Is ek middle class en my mense
Workers class?

Ek’s confused want ek wietie
Lekke waar ek inpas nie
Tussen whiteys praat ek skoon
Afrikaans

By my Ma se RDP huis praat ek
Soes ek opgegroei het
Djy en djou
En soms hoor ek, djou mase!

My ma sê altyd

Moenie vergiet waarvan jy kommie

Ek doenie

Want al is my credit card, goud

Al is my flat in die dorp, uitgesort

Al hang daar ‘n degree teen my muur

Al bereik ek wat

Dit sal ek bly

‘n Kind vannie Scheme